



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

3 November 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend
by ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte.

Ons nooi almal
vriendelik uit
om na afloop
van die eredie
saam met ons
'n koppie tee/koffie te geniet.



Kleuterbediening tydens
oggenddiens:
Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*baie geluk aan almal wat
gedurende die maand verjaar.*

Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia
Erasmus**

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert & Cherése

Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy

“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Dit is 'n gegewe dat ernstige geweldsmisdade geneig is om tydens die feesseisoen toe te neem. Daarom is dit van kardinale belang dat ons veiligheidsmaatreëls in plek moet hê om misdaad te help voorkom. Hier volg 'n paar wenke: sluit by die plaaslike buurtwag aan; dit is nodig om veiligheidshukke, slotte en diefwering voor vensters aan te bring; hou veiligheidshukke te alle tye gesluit; moenie sleutels in potplante of onder deurmatjies wegsteek nie; haal sleutels uit voertuie indien dit nie gebruik word nie; sluit gevaarlike toerusting (wapens, lere, messe, ens.) toe en moenie dat dit rondlê nie, indien jy water buite die huis hoor loop of die krag gaan af, moet onder geen omstandighede buite toe gaan nie; kry 'n klein hondjie wat in die huis kan slaap.

Indien jy met vakansie gaan, kry 'n betroubare persoon om in die huis te slaap, reël dat jou pos gereeld uitgehaal word en dat die plante natgegooi word.

Indien jy 'n senior burger is moet jy ekstra versigtig wees. Probeer om nie alleen bank toe of dorp toe te gaan nie, maar neem altyd nog 'n persoon saam met jou. Jy dink jy is veilig en niemand sal jou iets aandoen nie, pasop die misdadigers weet presies wat jou roetine is.

Ons hoor elke jaar die waarskuwings, maar elke jaar neem die misdaad toe. Dus wees hierdie feesseisoen paraat!

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ **Willie Badenhorst** wat baie las van sy rug het. Hy sou in die week toetse ondergaan het, maar die toetse sal eers in die nuwe jaar gedoen kan word. Hy bedank almal vir hulle boodskappies en gebede.
- ❖ **Petra van der Merwe** wat Maandag hospitaal toe gaan. Sy moet 'n paar toetse ondergaan.
- Ons dames het verlede jaar vir klein koekies gevra en ons het dosyne koekies gekry en dit het ons in staat gestel om vir elke senior lidmaat 'n pakkie koekies vir Kersfees te kon gee. Hierdie jaar wil ons graag weer vir elke senior lidmaat 'n pakkie koekies gee. Die koekies kan vanaf 25 November by die kerkkantoor afgegee word en almal is welkom om ons op Saterdag, 30 November te kom help pakkies maak.

- Is daar lidmate wat die organisering van “Dump Side Ministries” sal behartig? Ons gemeente is die afgelope paar jaar betrokke by die uitdeling van ± 350 borde kos op Kersdag. Die verpakings sal soos in die verlede by die kerk beskikbaar wees. Elkeen kan soveel borde neem as wat hy kan en Kersoggend sal Mike dit kom haal. Met die donasies wat ons ontvang koop ons groente en vleis en maak kos en vul ook ’n paar borde. Indien daar lidmate is wat saam met Mike en sy familie die borde wil gaan uitdeel sal hy dit verwelkom. Dit neem so 2 ure. Daar is baie kindertjies en elke jaar ontvang hulle ’n pakkie lekkergoed, indien jy ’n pakkie lekkergoed wil skenk sal ons dit waardeer. Die lekkergoed pakkies sal ook op 30 November gepak word.
- Een van ons lidmate is opsoek na die GK Almanak vir 2012; 2013 & 2014; kan jy miskien help asseblief. Die boeke kan by die kerkkantoor afgelewer word.
- **Kombuishanddoekpapier** is teen R 12 /rol in die kantoor beskikbaar.



So lyk geluk wat langer as drie maande lank bly – deur Stephan Joubert

Gordon Hinckley sê: “the most miserable people I know are those who are obsessed with themselves; the happiest people I know are those who lose themselves in the service of others... By and large, I have come to see that if we complain about life, it is because we are thinking only of ourselves.” Almal op aarde wil gelukkig wees. Min mense het egter ’n behoorlike idee waaroor geluk regtig gaan. Daardie dinge wat veronderstel is om mense se geluksvlakke te laat styg se geluk hou gewoonlik vir so drie maande. Dan val hulle maar weer terug na hulle ou vlakke van (on)geluk. Blywende geluk is iets anders. Dit is nie situasie-aangedrewe nie. Of afhanklik van ’n paar emosies nie. Egte geluk is deel van ’n goed-geleefde lewe in die Here se teenwoordigheid. Paulus skryf in Filippense 4:4 dat ons hierdie blydschap moet najaag. Dit is ’n diep innerlike tevredenheid voor die Here. Dit is om tot rus te kom in sy goedheid. Geluk is om ander te dien en lief te hê. Dit is om van onself te vergeet en oop harte en hande vir diegene rondom ons te hê.

OGGENDDIENS

TEMA: Deur sy Woord bring die Gees my voor Jesus!

Stemmingsliedere

Sb. 20-2:1&7
Lied 365:1&3
Lied 199:1&3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Lied 336:1-3
Geloofsbelydenis: Nicea

Versoeningsdiens

Matteus 22:37-40
Sb. 9-1:10&11

Woorddiens

Gebed
Lied 354:1&3
Skriflesing: Johannes 4:1-30
Fokusvers: Johannes 4:26

Antwoorddiens

Gebed
Lied 207:1&2
Groetseën
AMEN

AANDDIENS

TEMA: Christus reinig ons vir die Vader!

Stemmingsliedere

Lied 358:1-3
Lied 364:1&2
Sb. 4-6

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Ps. 107:1&10
Lied 255:1&2

Woorddiens

Gebed
Skriflesing: Maleagi 2:17-3:5
Fokusvers: Maleagi 3:1

Antwoorddiens

Gebed
Sb. 4-6
Groetseën
AMEN
Lied 565:1-3